*BYLAAG B8*

# Testament van Jochem Marneweck en Lenora Marneweck (geb. Geswid)

---

Datum: 26 April 1894 (geliasseer 13 Junie 1894)

Partye: Jochem Marnewick & Lenora Marnewick (gebore Geswid)

---

### Aanhef

Sy dit kennelik aan almal wat daarin belang stel, dat wy Jochem Marnewick en Lenora Marnewick gebore Geswid, wy die getrouwe zijn in gemeenskap van goederen, synde thans van gesond verstand en volkome kennis, maar gedenkende aan die onzekerheid des menslike lewe, maak deur deze onze laaste en uiterste Wille en Testament.

### Erfstelling — Testateur (Jochem)

Ek die Testateur benoem en stel aan myne tegenwoordige vrou met die kinders wat hiernevens benoem word naamlik Damon Johannes, Dirk Petrus en Joch Coenraad, en zodanige kind of kinders wat er nog uit ons beide moeg gebore word.

### Erfstelling — Testatrise (Lenora)

En ek die Testatrise benoem en stel aan myn gemelde man tesamen met die bovengenoemde kinders en zodanige kind of kinders wat er nog uit ons beide moeg gebore word, as enigste erfgename van onze gesamentlike boedel, roerende of onroerende, te word gedeel in evengelyke dele, niets hoegenaamd uitgeslooten, als by het afsterven van die een of die andere van ons in besit zal gevonden worden.

En indien enige van onze gezegde kinders hunne respektiewe erfenisse eisen zullen voor die dood van die langste levende, of enige andere opposisie in het werk stellen teen de voorwaarden van dit Testament, zodanige kinders zullen daardeur alle reg en voorregt verbeuren wat zy onder die voorwaarden van dit Testament te wagten hadden, en zullen alleenlik hunne juiste legitieme portie ontvangen, en het overige van hun erfenisse zal na die dood van die langst levende onder onze overige erfgenamen verdeel worden.

### Langstlewende en Hertrouwen

En wy verklaar verder dit onze wil te zijn dat by afsterven van die een of die andere van ons, die langste levende in vol besit zal bly van geheel onze boedel en gemelde boedel geheel in al onder zijn of hare bestiiering of redding zal bly, daar wy deur deze uitsluiten alle andere persoon of persone wat sig met dezen onzen boedel zoude wenschen te bemoeyjen, dan meer bysonder die Meester van het Hooge Geregtshof.

En wy verklaar verder deze onze wil te zijn dat indien die langste levende tot 'n ander huwelyk zoude wenschen over te gaan hy of zy vooraf 'n Inventaris of Boedel rekening zal moeten laten maak van twee daartoe gekozene personen, die ene waarvan zal gekosen worden deur die langste levende en die andere deur die kinders of, zo zy minderjarig zijn, deur die voogden wat nog genoem zullen worden, ten einde die vaders of die moeder bewys te bepale wat ook alsdaan zal moeten uitbetaald worden deur die langstlevende of voor zodanige sommen behoorlike sekuriteit gegeven worden voor en aleer 'n ander huwelyk zal kunnen voltrokken worden.

## Eksekuteurs en Voogde

En verder benoem wy en stel deur dit, aan die langstlevende tesamen met Damon Johannes Marnewick, beide van Dysselsdorp, as Eksekuteurs en Administrateurs van dit onze laaste Wille Testament, als ook Voogde van onze minderjarige kinders, gevende aan hun deur dit zodanige krag en reg, als deur die wette der lands vereist word, inzonder die van Assumpse en Surrogasie.

En verder behouden wy voor onzezelven het reg van tyd tot tyd en te allen tyde gedurende onze beide lewe, deur enige Geskrifs-Byvoegel of Codicil dragende of agtervolgd deur onze handtekening, doch egter nie noodsakelik getekend deur getuiges, zodanige giften te benoem, veranderinge te maak of ook verder direkse te geven in die administrasie van onzen gezamentliken boedel als wy in vervolg van tyd zullen nodig ag, begerende dat al hetgeen in zodanige Geskrifs-Byvoegel of Codicil zal gevonden worden, in diezelfde krag en waarde zal moeten beskou word als ware het in dit Testament ingesloten.

## Slotverklaring

Herroepende dus en vernietigenede alle andere Testamente of geskrifte die deur ons moegen gemaak zijn voor datum dezers, verklaar wy dit onze laaste Wille en Testament te zijn.

Ter bewyze waarvan wy onze handtekening of kruis(X) plaatsen op die eerste bladsy van dit Testament en ook hierbeneden. Aldus gedaan en getekend te Dysselsdorp, Distrik Oudtshoorn, op heden die ses en twintigste van April een duizend aghthonderd vier en negentig.

Geteken (met kruis): Jochem Marnewick; Lenora Marnewick. Getuies: Philip Muller.

*Bylae: Aansoek om Briewe van Administrasie namens Lenora Marnewick, weduwee van wyle Jochem Marnewick, en D.J. Marnewick, seun van die oorledene.*